Eikestadnuus Breek Weg 3 Sep 2010

Verken Stellenbosch se Wynroetes



Die Stellenbosch Wynroetes het tans 150 lede, wat beteken dat daar elke dag iets spesiaals aan die gang is.

• Jordan-landgoed se restaurant met George Jardine het 'n spesiale winter-aanbod tot einde September – 'n driegang-maaltyd met twee glase Jordan wyn vir slegs R220. Leer brood bak by sjef Jardine. Skakel Chandré by (021) 881-3441.

• Een van die stigterslede van die Stellenbosch Wynroete was Frans Malan van Simonsig. Vanaf Augustus tot September word dié patriarg se lewe in die plaas se restaurant, Cuvée, gevier. Vir besprekings, skakel Elbe by (021) 888-4915.

• Gaan maak die naweek van 4 en 5 September 'n draai in Franschhoek vir die jaarlikse Franschhoek Uncorked fees, teen R80. Navrae: Darielle Robertson by (021) 876-2861 of events@franschhoek.org.za.

• Blaauwklippen bied op 18 September die 10 km Cellar to Cellar pretloop aan. Die roete gaan deur die wingerde van Vriesenhof, Dornier, Kleinood, Waterford, Stellenzicht en Stellenrust. Die koste is R200 per person, of R100 vir juniors en persone wat nie wil proe nie.

• Die 26ste Nedbank Kaapse Wynmakersgilde Veiling is oop vir die publiek en word op Saterdag 2 Oktober by Spier aangebied. Voornemende kopers wat nie die veiling kan bywoon nie, kan vooruit by die Gilde registreer en per telefoon bie. Besoek www.capewinemakersguild.com, skakel (021) 852-0408 of stuur 'n epos aan info@capewinemakersguild.com.

• Die Momberg-familie bied elke Vrydag, Saterdag en Sondag die Middelvlei Boerebraai aan. Braai self, of laat dit aan die braaikenner oor. Vir die kinders is daar speelplek, plaasdiere om te voer en donkie-karritte. Skakel (021) 883-2565.

• Hartenberg bied handgemaakte gerookte wors en olywe met wyn. Skakel (021) 865-2541 of e-pos info@hartenbergestate.com.

• Die Bergkelder, die beroemde ondergrondse kelder aan die hange van die Papegaaiberg en die tuiste van Fleur du Cap wyne in Stellenbosch, is heropen. Kies jou gunsteling wyn en laat dit onder perfekte toestande in die kelder verouder sodat jy jou bottel wyn kan geniet wanneer dit op sy beste is. Die museum langs die winkel sal jou op 'n reis na die verlede neem. Skakel (021) 809-8025 of besoek www.fleurducap.co.za.

Skakel Stellenbosch Wynroetes se kantoor by (021) 886-8275, of besoek www.wineroute.co.za.